

En tant Mietjie het toe baie lank moes wag en stilsit en kyk, want oom Piet het toe eers rond en bont gaan ry om onpartydige getuies wat van die hele affêre weet, hymekaar te maak. Oompie Poulthje Pluskeil, ou Harmoes Swerm, Kwaai Koos, klein Joppie Katoog en ou Wil Naatlos—vir hulle almal het oom Piet oorgehaal om nou saam met hom na ou Sammie te gaan.

Toe ou Sammie die klomp mense sien, het hy somar onraad gewaar en dadelik die allertreurigste gesig getoon. Hy het sy hande gestaan en vrywe en sy gemoed het hom so vol geskiet dat hy beswaarlik kon praat. Maar so stamp-stamp het hy darem baie beleef gevra: „Wil my ou vriende dan tog nie asseblief 'n bietjie uitspan en assegrootsteblijf by my kom welkom wees nie?”

Maar oom Piet het op sy lippe gebyt om liewer nie eers te praat nie; dit het vir hom gevoel dat, as hy nou praat, hy somar sal „ontploff van woede.”

Toe antwoord oompie Poulthje Pluskeil maar: „Nee, ou broeder, ons is almal baie haastig; ons kom maar net so 'n bietjie die kerkbok vra.”

„Die kerkbok, ja, die kerkbok!” roep al die ander onpartydige getuies toe ook tegelyk uit.

En toe eers begin oom Piet ook praat. Hy swaai met sy hand en sê: „So, wag nou maar eers, ou neefs; staan eers doodstil en luister.” Daarop draai hy om na ou Sammie en vervolg: „Kyk hiersô, jou ou . . . ou . . . ek weet nie wat nie, dis nou somar 'n kort storie: Jy het die bok, die kerkbok, oorloper-afrikanerkapater, die bege- rigste, verbode vrug onder alle Boesmanlandse troppe, van my af met lieg en bedrieg kom rokkel. Jy het hom gegryp, jou ou . . . ou . . . ek weet nie wat nie; jy het hom viervoet geknoop; jy het hom

op jou kar gesmyt; jy is met hom in jou peetjie! En toe? Wat toe? Toe kon die kerk maar toesien en 'n jaar lank wag, en later vir my verdink dat ek die oneerlike man is. Wat 'n vreeslikheid, wat 'n skande! Ek was verplig om vir Floorsie te stuur—en toe? Waar is Floorsie se sleutelbeen nou? Waar is my kar se draag-boompies en leertjies? Hoeveel skutgeld en voergeld het ek moes betaal? Wat het die twee prokureurs en die dokter my gevra? En wat het al my briewe en boodskappe gehelp? Niks, net 'n ou Farisese brief en drie verspotte ou boklammetjies wat reeds aan 'n ander man behoort het en waarvan een te siek was om vanself te vrek en waarvoor ek nogal 'n hamel moes gee! En nou ná dit alles—wat nou? Niks, nog altyd niks; want jy sit, staan, slaap, lê, loop en leef nog altyd kompleet nes 'n mens met 'n siel en 'n konsensie! Maar mens of nie mens nie, vandag moet jy, ou . . . ou . . .”

„Kom maar tot die punt, broer Piet,” val oompie Poultjie Pluskeil hom hier in die rede, „want vir sleg moet 'n mens nie nog slegmaak nie.”

„As jy hom nie moet slegmaak nie, moet jy hom vrekmaak,” sê ou Kwaai Koos hierop.

„Nee, maar kyk, nou praat jy darem nie soos 'n grootmens en 'n man met verstand nie,” antwoord ou Harmoes Swerm vir ou Kwaai Koos, en toe draai hy hom weer na ou Sammie, wat nog altyd net gestaan en sluk het, en sê: „My liewe ou neef Sam, kom, laat ons nou soos grootmense van verstand die affêre uit die wêreld maak; dink tog net die Bybel sê: „Wee die mens deur wie die ergernis kom, en . . .”

„Ja, wee, ou Sammie, wee, wee!” roep oom Piet hier onder ou Harmoes Swerm se redenasie

uit, „want jy het my verskriklike ergernisse aangedaan.”

Ou Sammie neem egter van oom Piet nou glad geen notiesie nie, maar gryp ou Harmoes Swerm by die hand en sê tot almal se verbasing: „Ou vriend, ou vriend, ek dank jou so uit my siel dat jy tog fatsoenlik genoeg is om ordentlik te praat. Ek is gruwelik onregverdig behandel en onskuldig belaster, en ek kan dit bewys. Gaan julle klomp nou net daar by daardie randjie oor en dan by die anderkantse poortjie tussen die twee ronde koppies deur, en dan af, af tot in die diep duik van die ou groot geelboslaagte; daar sal julle die armsalige ou bok van al die sonde en ergernis tussen my ou veetjies kry. Ek het hom nog altyd trou opgepas om onbeskadig aan die stomme ou Piet te besorg.”

Nou pak byna almal vir ou Sammie om goed uit te vis of hy tog wel die waarheid vertel het. En ou Sammie roep die hele wêreld as getuie, sweer hoog en laag dat hy nie eens weet hoe die nietigste ou leuentjie ruik nie, en beëdig dat hy honderdmaal dieper gegrief en meer verongelyk is as enige man in die ganse Boesmanland. Ja, hy was so ernstig en ondubbelsinnig in sy hele houding, gebare en woorde dat jy hom later moes glo. En al het jy miskien, soos oom Piet, tog nog getwyfel, dan sou jy, ook soos oom Piet, nie geweet het hoe jy hom verder moes betwis nie.

Die slotsom van die saak was dat oom Piet en sy getuies maar eindelik besluit het om by ou Sammie se vee om te ry en te sien of die kerkbok daar was.

Hulle moes 'n ou, dowwe houtrypaadjie volg, en dus het dit maar langsaam gegaan. En toe hulle eindelik, na veel gesukkel om met die karre

deur die veld te kom, na die geelboslaagte afsak, was daar geen vee te sien nie.

Maar later sien hulle darem daar gunter teen 'n rand die stof opslaan van vee wat vinnig wegtrek. En hulle agterna oor knik, erdvarkgat, en blomkoolpol. „Dit was jou wragtie 'n gestamp dat jou haarslag kan skeur,” het ou Kwaai Koos later vertel. Maar hulle wou nou eenmaal seker wees van hulle saak, en dus het hulle op hulle tande gebyt en aangehou tot by die vee. En wonder bo wonder, die kerkbok was daar! Oom Piet kon sy oë nie glo nie—dit was vir hom tog 'n alte heerlike weersien.

Daar was egter nog iets anders uit te vind wat vir oom Piet weer bitterlik vererg het: Ou Sammie het sy jong seun ongemerk langs 'n ander weg na die vee laat ja. En die kind en die ou wagter was net hard besig om met die vee te ontvlug, toe oom Piet hulle die stof reeds so ver van die geelboslaagte af sien opslaan het!

So byna-byna het die vee ook tussen die klipheuwels deur verdwyn. Maar nou was dit te laat, en weldra was die kerkbok tot sigbare teleurstelling van die kind en stomme verbasing van die ou wagter, gevang en saggies op gras in die bak van 'n kar gelê.

\* \* \* \* \*

Vir die volgende kerkbasaar het oompie Poulthje Pluskeil natuurlik weer kom kollekteer. Toe wys oom Piet na sy kraal en sê: „Kyk, ou broer, vir twee vorige jare het ek ander diere basaar-toe moes stuur; maar ek is 'n baie snaakse mens, maar as ek 'n ding wil gee, dan— ha— wil ek hom gee, en so, daar staan hy nou vanjaar: daar staan hy, die eintlike, rêrige kerkbok.”

Maar oom Piet wou nie die kerkbok weer met ander kerkveetjies laat aanja nie. Eiehandig het hy hom self tot voor die kerkdeur gebring. En voor die bok op die basaar sou opgeveil word, het oom Piet eers op 'n hoë kas moes klim en aan 'n groot gehoor al die hoedanighede, die ware stamboom en ganse geskiedenis van daardie bok vertel.

En toe die afslaer eindelik vra: „Kom nou, vriende, wie gee 'n bod?” toe skree ou Harmoes Swerm somar: „Vyf pond!”

Ons voel huiwerig om te sê waarvoor die mooiste kerkbok van Boesmanland eindelik verkoop is.

### III.

#### 'N BOESMANLANDSE ROESEMOES.

---

Oom Kassie, Kool en Kaal se tente het maar die een naby die ander gestaan. Oom Kassie en sy vrou, tant Griet, was al albei by die sewentig. Kool en Kaal was egter nog jonk en maar kort getroud gewees. Kool se vrou tjie het Betriks geheet. Sy was skraal van lyf, lank en smal van gesig en lank en dun en krom van neus. Sy was ook maar gou op haar perdjie, en 'n mens moet nie met haar peuter nie. Dit was darem vir haar baie lekker om geprys te word. En bewonder jy haar werk of haar persoon, dan is jy haar beste vriend.

Wilmien, Kaal se vrou tjie, was weer kort, dik en vet. Haar neusie was kort en stomp, maar tog lank genoeg om in andermansakke en -sake gesteek te word. En sy kon volhou met 'n ding, al was sy ook hoe verkeerd. Jy kon maar vir haar oppas as sy eers gesê het wit is swart: stry sou niks help nie.

Oom Kassie, sy vrou en Kool en Kaal was op hulle manier egter bedaarde en so half vrede-liewende mense.

Die drie huisgesinne het dan ook min of meer in vrede gelewe en, solank as dit goed gegaan het, nie rusies gehad nie. Maar, soos 'n ding glo moet kom, eendag gaan tant Griet op Verleëkop by haar ou suster vir 'n week kuier. Oom Kassie moes maar tuisbly, want die trop skaap, die paar melk-koeie en die klompie hoendertjies kan nie sonder die oubaas se toesig ook klaarkom nie.

Oom Kassie en tant Griet se kinders was almal getroud en weg. Maar solank tant Griet lekker kuier, sou hulle aangenome kind, 'n dogtertjie van twaalf jaar, vir haarself en oom Kassie die daaglikse stukkie vleis kook en die gewone paar roosterkoekies braai. En so sou oom Kassie en die dogtertjie ook goed klaargekom het. Maar—weer glo soos 'n ding moet kom—eendag kom oom Kassie se ou neef, ou Jasper Springbokhoring, vir hom kuier.

Oom Kassie was baie gasvry van aard en het veral daarvan gehou om op sy manier sy ewemens 'n goeie maal te verskaf. En hier het die knoop toe juis gelê. Immers, die dogtertjie kon darem maar nie die kos na oom Kassie se sin vir ou neef Springbokhoring voorberei nie. Oom Kassie het haar toe eers probeer help om 'n heerlike pot kluitjiesop te maak. Maar die kluitjies was glad anders as dié wat tant Griet altyd maak: toe hulle gaar was, was hulle so groot dat oom Kassie en die dogtertjie altwee baie skrikkerig vir hulle gevoel het. Tog het oom Kassie moed gehou en laat opskep. En toe die derde kluitjie onder die inskep soos 'n stuk rou askoek in ou neef Springbokhoring se bord val, sê die ou al: „So, dankie tog, neef Kassie, dis al meer as te veel!”

Ou neef Springbokhoring, oom Kassie en die dogtertjie val toe tegelyk elk 'n kluitjie met lepels aan. Maar die harde en gladde „kluite” het soos lewendige diere onder die lepels uitgespring, en nuwe aanvalle moes met vurke en messe gemaak word. . . .

Vir die volgende middagmaal, wat toe nogal op 'n Sondag val, moes dus ander voorsiening gemaak word. Ná hy dan so 'n rukkie oor die saak gesit en dink het, sê oom Kassie aan die

dogtertjie: „My kind, sê vir nig Betriks ek en ou neef Jasper sal liever vandag by haar kom eet, en sy moet my nie kwalik neem nie. Jy kan dan maar ons tent oppas, vir jou 'n stukkie kos maak en ons ou skottelgoedjies was.”

„Ja, Oompie,” antwoord die dogtertjie; en sy draf ook somar weg.

Met die gedagte dat die hele wêreld nou reg is, sit oom Kassie toe verder vir ure met sy ou neef en gesels en rook. Eindelik, toe dit lyk of nig Betriks daar in die kookskerm pie al aanstales maak om op te skeep, staan die twee ou neefs ewe welgemoed op om nou 'n heerlike middagmaal op die stille, salige Sabbat te gaan geniet.

Volgens oom Kassie se opinie kon neef Kool hulle darem 'n bietjie hartliker by die groot ontvang het; „maar,” dink oom Kassie, „die teenswoordige jonglui is mos maar sonder omgee.”

Nig Betriks kom toe net met 'n skotteltjie vleis en 'n diepbord pap in. Sy kyk die ou neefs vraend en verwonderd aan. Oom Kassie is nie 'n agterdogtige man nie, en hy dink: „A, sy voel seker vereerd dat ek haar bo Wilmien uitgekies het om by te kom eet—daarom flikker haar oë so en trek haar neus àl krommer.”

„Haait,” roep oom Kassie, „maar dan ruik jou kos weer vandag geurig!”

Maar nig Betriks beskou hierdie woorde by die skotteltjie vleis en bordjie pap as pure spottery. Sy word ook somar vuurwarm en het moeite om haar gevoelens vereers te verkrop.

Die twee ou neefs kom egter glad niks agter nie. Kool skyn onder die betowering van nig Betriks te verkeer. Hy kyk haar eers aan soos 'n angstige kind sy kwaai moeder van wie hy slae verwag.



Toe waag hy dit darem om die twee ou neefs so binnensmonds aan tafel te nooi.

Die kos lyk maar min vir vier grootmense. Oom Kassie sê: „Dis tog jammer—ek het nie geweet julle is net juis vandag skrap van vleis en meel nie, anders kon ek somar 'n hele skaapbout en 'n emmer meel vanmôre gestuur het.”

„Dit sou meer as onbeskaamd-vrypostig gewees het!” skree nig Betriks in 'n kwaai, fyn stemmetjie. Maar oom Kassie eet al en antwoord net ongeërg: „Ja, dis ook weer waar.”

Kool en nig Betriks sit verder tjoepstil. Gou was die twee ou neefs se eerste bordjie kos verorber; maar niemand bied hulle verder iets aan nie. Daar was ook nie bra kans om nog iets te vra nie, want die ou diepbord en die blikskotteltjie het al so byna-byna leeg gestaan. Oom Kassie voel weer net so teleurgesteld as toe hy die kluitjiesop help maak het, maar hy sê:

„Kyk, julle, dan het ek tog nou lekker geëet.”

„Ja, en ek, ou neef,” voeg ou Springbokhoring ook ernstig by. Maar die ander mense sê nog niks.

Eindelik mompel Kool die dankgebedjie af, en toe kon die stoele maar agteruitgeskuiwe word.

Die twee ou neefs moes alleen gesels; want Kool en Betriks het nog altyd onderlangs geloer sonder om 'n woordjie hier of daar in te las. Dit was nie vir die twee ou neefs gesellig genoeg nie, en so het hulle toe maar ekskuse gemaak en laat vat, nog steeds sonder enige suspesie dat daar 'n skroef los was.

Maar oom Kassie sou egter in vervolg liewer weer die dogtertjie hulle eie kos help maak. „By ander mense is dit tog mos ook nie veel beter nie,” redeneer die oubaas.

„So gesê en so gedaan; en dit het ook net goed gegaan,” soos ou Springbokhoring dit sal uitdruk.

Maar tussen Wilmien en Betriks het net van daardie Sondag af weer 'n lelike ding begin broei. Wilmien het eers stilletjies by Betriks se meidjie probeer uitvind watter soort kos Betriks dan so danig daardie Sondag op tafel gehad het. En Betriks se meidjie het somar so 'n tou aanmekeer gelieg en onder ander ook gesê dat baas Kassie aan haar nooi se tafel sou uitgeroep het: „Magtie, maar ander vroumense kan hier kom leer kosmaak!”

Betriks se meidjie het later weer aan haar eie nooi vertel dat nooi Wilmien sê „dat dit smaak of nooi Betriks maar eenvoudige kossies op Sondag vir vreemde mense maak.”

Betriks het haar toe self oortuig dat die ou „vabondse” neefs agter haar rug gaan skinder het. Sy het baie gesit en dink, en haar gedagtes het al swartgalliger geword. Later was dit al so erg dat sy somar hier in haar kookskempie, as sy die twee ou neefs maar net daar gunter onder oog kry, woes teen hulle uitgevaar het.

Met Wilmien sou sy ook afreken—ja, sy sou een van die dae vir daardie Wilmien darem 'n storie vertel wat lang jare in haar twee ou vet oortjies sal klink.

Maar Wilmien self was by dié tyd ook al boos en opgewonde genoeg. Sy het nou—soos sy gemeen het—alles van die danige Sondagse maal uitgevis. En by die uitvissery het sy nog 'n hele boel ander naar dingetjies agtergekom. Wag maar, as tant Griet eers weer tuis is, dan sou sy haar slag slaan. „Daardie armoedige ou Kassie en stokkerige Betriks dink mos sy is hulle bobbejaantjie.”

'n Paar dae ná hierdie onkristelike voornemens opgevat was, kom tant Griet dan ook tuis. En sy was 'n vrou wat graag by haar plaasbure gaan gesels het as sy van 'n kuiertjie af kom. En—nogmaals glo soos 'n ding maar moet kom—toe gaan tant Griet juis eers vir Wilmien besoek.

Maar sy was gou weer in haar ou tent terug; sy lyk baie terneergeslae en bedroef. Die twee ou neefs bemerk somar dat sy gehuil het.

„Wat is dit, ou skat?” vra oom Kassie. Tant Griet probeer antwoord; maar sy gee dit snikkend en kopskuddend op; dit lyk of sy te oorstelp is van droefheid om te praat.

Oom Kassie skrik somar. „Ou skat,” sê hy bewend, „kom uit met die ding: Is een van ons naaste bloedverwante skielik dood?”

Sy snik egter weer en wys stilletjies na ou Springbokhoring se kant om vir oom Kassie te laat verstaan dat sy nie in teenwoordigheid van die ou neef met die affêre wou uitkom nie.

Maar ou Springbokhoring het tog haar vinger gesien. Hy spring verward op en roep uit: „Wat? Is *my* mense dood?”

Oom Kassie het haar ook so verstaan, en hardloop somar na hulle kookskermkie, waar hy die dogtertjie haastig gebied om tog gou vir nig Wilmien te gaan vra wie van ou neef Jasper Springbokhoring se mense skielik dood is.

Maar ou Springbokhoring self, menende dat ou nig Griet van nig Betriks af gekom het, spring intussen by die teenoorgestelde tentdeur uit om persoonlik die treurige doodstydung uit laasge-  
noemde niggie se mond te hoor.

Oom Kassie het die arme dogtertjie, wat maar baie senuweeagtig en agterstevoor was, ook groot laat skrik. Sy kom uitasem by Wilmien se tent

ingevlieg en sê by rukke en stote: „Tante . . . moet vir . . . oompie Jasper . . . Springbokhoring . . . se mense laat weet . . . hy is skielik dood!”

Byna op dieselfde tyd vlieg ou Springbokhoring weer Betriks se tent in, met die woorde: „Hoe sê julle? Wie van my mense is dood?”

Nou, vir die onvoorbereide siel is die dood darem mos maar altyd die „koning der verskrikking.” Ou Springbokhoring se woorde het vir Kool en Betriks so lam laat skrik dat hulle die ou neef spraakloos en diep onnosel gesit en aankyk het.

Maar ou Springbokhoring het nie tyd vir onnosel gesigte gehad nie: hy het nie geweet wie van sy dierbares hy moes beween nie, en die onsekerheid het hom so voortvarend gemaak dat hy sonder verder op 'n antwoord of vir 'n uitleg te wag, weer daar weggedraf het.

Die dogtertjie het vir Kaal en Wilmien net so lam laat skrik. Die tyding was darem ook te snaaks en daarby te onverwags. Miskien het die ou neef net 'n toeval van beroerte of so iets gekry. Miskien kan 'n mens hom darem nog lawe. So redeneer Wilmien ná sy van die skrik bekom was. Sy was ook nou so doodnuuskierig dat sy haar apteektrommeltjie gryp en vir Kaal sê: „Kom, ons loop kyk wat aangaan.”

Ou Springbokhoring het intussen ongemerk die tent waar hy gekuier het, bereik, en die dogtertjie, te angstig om by haar ou tuistent te gaan inloer, het toe alweer in hulle kookskerm pie gehurk gaan sit.

Tant Griet praat nog niks. Sy het net 'n bietjie „medisynetjies” gedrink, en sy lê nou doodstil op haar ou katel. Sy is erg swak van natuur en baie gevoelig. Oom Kassie wil haar nie hinder

nie. Suutjies vra hy vir ou neef Springbokhoring : „Waar was ou neef? Wat het jy gehoor?”

Ou Springbokhoring leun vooroor, hou sy hand bak teen sy oor en vra weer : „Hoe sê?”

Oom Kassie was verplig om harder te praat. „Wat sê nig Wilmien?” vra oom Kassie toe weer.

„Wilmien, Wilmien,” herhaal ou Springbokhoring hardop; en vervolg : „Wat weet sy dan?”

„Ek weet dit,” skree iemand toe onverwags hier in die tentdeur, „dat julle twee met my . . . met my en die dood die gek wil skeer!”

Dit is Wilmien self. Sy het die laaste woorde van ou Springbokhoring gehoor. Sy kyk op haar apteektrommeltjie, toe op die ou neef, en sy bewe van woede. Hierdie ou neef vra egter ewe onskuldig : „Hoe sê?”

Kaal staan agter Wilmien. Hy vererg hom bitter en skree somar oor haar skouer : „Hoe sê se peetje! Dis al van verlede Sondag dat julle met Wilmien die gek skeer!”

„Van Sondag af die gek skeer?” roep oom Kassie doodverwonderd uit, en, „Dat lieg jul!” voeg ou Springbokhoring daar bitsig by. Die een woord haal nou die ander, en almal, behalwe tant Griet, wat nou verskrik penorent sit, se bloed begin te kook.

Om die gedoente nog erger te maak, kom Kool en Betriks hulle ook ongenooïd aanmeld. Hulle het ook later doodnuuskierig geword, en toe Betriks se meidjie nog later uit hulle kookskermpie kom vertel dat sy iemand by nooi Griet se tent hoor huil het en dat baas „Kaalgoed” soontoe gehardloop het, het hulle twee ook opgespring.

'n Paar tree van tant Griet se tent gekom, hoor Kool en Betriks vir Wilmien sê: „Toe loop julle mos op Sondag by daardie Betriksie met ander vrouens se kos die spot drywe, om julle daar toe kon poedings en pasteie kry.”

„Daar was geen poedings of pasteie nie!” gooi oom Kassie teë.

„Net 'n droë stukkie vleis en 'n ou klontjie pap,” voeg ou Springbokhoring spottend by.

Dit was darem ook vir Betriks genoeg. Sy bevlieg somar die tent; toe swaai sy haar armpie deur die lug en gil dit so half uit: „Wat traak dit iemand met *my* stukkie vleis en *my* klontjie pap!”

„Niks, glad niks!” verseker ou Springbokhoring haar ewe plegtig.

„Dan is dit darem snaaks dat 'n vroujie en twee ou mans hulle daaroor agter my rug sit en verknies,” snou sy die neef toe.

„Pas op, pas op,” roep Wilmien nou weer kwaai uit, „moenie vir *my* losroer nie!”

„En wie is  *jy* ?” vra Betriks nog kwaai.

„Sy is *my* vrou!” antwoord Kaal driftig.

„Nou, goed,” gil Betriks dit weer uit; „leer dan jou vrou om haar neusie uit 'n ander vrou se kospot te hou!”

Wilmien ruk haar lyfie reg en sê: „Foei, foei, my neus is nie in jou ou kospot nie; maar die skendtonge van jou en hierdie twee ou mans sny in die heilige eer en karakter van julle ewemens!”

„Jy skend my tong met jou skend tong; jy,  *jy* !” laat ou Springbokhoring hierop volg.

Kool is maar 'n bangerige kêrel; tog waag hy dit nou om te sê: „Mense, julle praat akskinabele dinge.”

Oom Kassie neem hierdie geleentheid waar om ook haastig in te las: „Ja, bedaar tog, mense, bedaar!”

Maar toe was dit of honde wat reeds blaf, verder aangehits word. Die opgekropte wrok soek nou uitgang. En waar skeefgetrekte monde en boos-flikkerende oë nie gou genoeg venyn kan versprei nie, daar help verwild-gefronste voorhoofde om te toon wat eintlik alles in mensharte kan skuil.

Wilmien lyk nou glad nie mooi nie. En die enigste aanloklikheid wat Betriks se gelaat af en toe besit het, was 'n glimlaggie. Maar hierdie gelaat was nou so onnatuurlik vertrokke van onbetoomde wrewel dat sy stellig nooit weer natuurlik sal kan glimlag nie.

Kaal het altyd 'n mooi snorbaardjie gedra, maar onder die geskree en lawaai staan dit woes, soos iets stekeligs wat net help om die aakligheid te vererg. Selfs die bangerige Kool het nou so manhaftig geword dat hy soos 'n dronk man vuiste swaai en oopmond staan en raas.

Die een sien in die ander alles behalwe deugde; en dit is hom so walglik, om hyself so besonder deugzaam is, dat hy *moet* praat, al moet hy dan ook skree om gehoor te word. Die een herinner hom iets leliks uit die vroeër lewensgeskiedenis van die ander; en dit moet nou ook op die lappe kom. Allerhande sakies wat met die huidige onenigheid hoegenaamd niks te doen het nie, word aangeroer en uitgepluis. Niemand kon iets verstaan nie; alle rede en billikheid het verdwyn.

Oom Kassie wou eers nog die rem aandraai om die affêre te stuit; maar toe dit nie wou help nie, het hy gaan staan en gesê net wat hy wou. Toe

almal nog meer en harder sê wat *hulle* wou, het hy langs tant Griet op die ou katel gespring en herhaaldelik uitgeroep: „Mense, ontsien tog vir Griet!”

En tant Griet was by dié tyd ook al in 'n deer-niswekkende toestand. Haar gesig was bloed-rooi; haar oë was toegesluit; groot traandruppels het op haar wange geglinster; haar lippe het saggies beweeg asof sy iets prewel; haar kop het skeef gehang; nou en dan het 'n groot sug haar bors ontsnap.

Oom Kassie se uitroep het eindelijk Wilmien se aandag getrek. Sy was, om die waarheid te sê, toe ook al so half uitgeraas of leeggeraas, en sien toe in tant Griet se toestand 'n gulde kans om haar aan die lawaai op waardige wyse te onttrek. Ewe hoë-kop stap sy—die apteektrommel-tjie nog altyd onder haar arm—na die ou katel, trek tant Griet saggies aan die arm en sê: „Kom, my tantetjie, drink maar van hierdie ou medisynetjies en steur jou nie aan daardie onbeskofte mense nie.”

Met meer sulke vleiende woordjies kry sy tant Griet waarlik later so ver dat sy 'n groot dosis van die „ou medisynetjies” van Wilmien verstandig wegslaan.

Betriks het hierdie vleiery gesien en haar al bitterder vererg; tog het sy diep in haar siel ook skaam geword en somar subiet die toneel verlaat. Kool was nou net so skaam-kwaad en volg haar op die hiele. „Die Voorsienigheid moet hom help dat hy nooit sy voete op oom Kassie se werf hoef te sit nie.” Ja, hy neem hom selfs voor om liever Kalaharie-toe te trek, sodat hierdie ou bekendes hom tog nooit weer op aarde kan raaksien



nie; en Betriks se gevoelens het baie met syne ooreengekom.

Kaal was ook dadelik by tant Griet se ou katel. Hy bekyk haar ernstig, skud sy kop en sug swaar om te toon hoe innig dit hom spyt dat sy nou so sleg en naar en siek voel. Hy vra vir Wilmien: „Hartlam, sal ons haar nie duiwelsdrek en doepa ingee nie? Weet jy, dit het altyd baie goed vir oorlede ma gehelp?”

Ewe soet en saggies, maar darem so dat oom Kassie en tant Griet kan hoor, antwoord sy: „Nee, hartjie, ek weet wat nog beter vir arme tantetjie is.”

Ou Springbokhoring sit hand-onder-die-kakebeen en verwonder hom oor die skielike verandering. Net by die begin van die gekyf het hy somar uitgevind dat die storie of gedagte dat daar kastig een van sy bloedverwante sou dood wees, somar uit die lug gegryp was. Toe het hy eers begin skerts, maar later is so straf op hom geskimp dat hy soms wou vuis-slaan. Hy sit en dink so oor die ding en mompel by homself: „Allamintig, dit was darem vir jou 'n ware roesmoes!”

Oom Kassie is heeltemal afgekoel. Hy het hom darem voorgeneem om die oorsake van die twis na te gaan. Versigtig en baie vriendelik vertel hy nou vir Kaal en Wilmien hoe bedroef tant Griet van hulle huis af teruggekom het; wat hy en ou neef Springbokhoring daarvan afgelei het; wat sy boodskap met die dogtertjie toe was; ens.

Ná Kaal en Wilmien aandagtig geluister het, sê sy: „O, nou verstaan ek alles: die dogtertjie het Oom se boodskap glad verkeerd kom aflewer, en verlede Sondag se boodskap, dat ek vir Oom

en neef Springbokhoring moes lekker kos maak, was seker ook verkeerd!"

„Dat jy vir ons lekker kos moes maak!" roep oom Kassie uit.

„Ja," vervolg Wilmien; „en toe het ek my ou worsmeul gevat, vleis gemaal en frikkedel gemaak; toe my ou meelsif gevat, 'n hoop meel gesif en heerlike melkkluitjies gemaak; toe weer al my speseryblikkies vergaar, ons laaste rosyn-tjies se laaste pitjies uitgehaal, weer meel gesif en 'n poeding gemaak; en so was ek die hele Sondagvoormiddag besig; maar toe dit middag word, toe loop eet julle by Betriks. O, ek was tog vies, vies!"

„Allamintig," roep ou Springbokhoring nou hier eenkant uit, „dan was dit jammer, en dan dank jou dit die duiwel dat op Betriks se tafel net 'n droë stukkie vleis en 'n klontjie pap was!"

„En dat hulle darem ook so snaaks was," voeg oom Kassie nog by.

Nou wil die een voor die ander verder alles duidelik maak. Gou was ook alle misverstand uit die weg geruim. Selfs tant Griet begin al beter te voel. Die bogdingetjies wat Wilmien haar vertel het van haar ou dierbare man en ou neef Springbokhoring en Betriks hulle, kan nou maar lig vergewe en gou vergeet word.

Dit het darem 'n hele paar dae geneem voor oom Kassie, tant Griet, ou Springbokhoring en Kaal en Wilmien ooreengekom het om gesamentlik na Kool en Betriks te gaan en hulle ook alles duidelik te maak. Tog het hulle dit later gewaag. Kool en Betriks het soos houtpoppe gesit. Maar oom Kassie het die koue yskors gebreek deur sy vriendelike lag en innemende woorde; daarop het

die ander mense wat saamgekom het, ook gelag. En toe het Betriks eers self 'n grappie wou maak om haar bonsende hart geruster te stel, maar sy kon nie; en so vra sy toe maar verleë: „Julle wil seker koffie hê?”

„Ja, ja, ja!” roep almal tegelyk, tot die bangerige Kool ook.

En toe eers vergeet Betriks hoe vies sy die dag was dat die twee ou neefs so ongenooïd en onverwags op haar lyf afgekom het, en nog baie ander dingetjies ook. Soos iemand wat 'n groot ding van hom afgeskud het, spring sy op en draf haar koffieketel by. En net van daardie oomblik af was die hele wêreld weer heeltemal reg onder al die bure. Almal voel weer somar lekker.

Ou neef Jasper Springbokhoring gee ook so 'n lang sug van verligting en sê andermaal: „Allamintig, dit was darem vir jou 'n roesemoes!”

#### IV.

### STERRETJIE EN TRIENATJIE.

---

Dit was in die tent van oorlede tant Malie op Kamkierie wat ek die aand gaan slaap het. Maar tant Malie het toe nog gelewe, en dit was sy wat vir my en haar seun Jermie somar op haar ou tentvloer 'n kooi laat maak het. En ons twee het lekker geslaap; maar so teen die vroeë-voordag het hulle ons skielik geroep en kookskermpie-toe geja. Ons het verskrik opgespring, ons ou ferweelklere haastig aangetrek en somar blootsvoet met ons velskoene in die hand skerm-toe gedraf om dit dan maar daar aan te slof.

Wat dit was, kon ons glad nie verstaan nie. Daar was 'n paar ou vrouens, maar hulle was so geheimsinnig dat ons hulle niks durf uitvra nie. Toe het ons maar kort-kort koffie geskink en gedrink, -drink, en na die skitterende sterretjies gesit en kyk. Later kom 'n koningin van die môre, 'n pragtige dagster, op, en kort daarna ook 'n silwerblanke halfmaantjie agteraan. En toe kom een van die ou vrouens weer by ons in die skerm pie en sê so half by haarself :

„Ja, ou Boesmanland het vanmôre weer 'n dogtertjie ryker geword.”

Toe verstaan ons. Nou ja, ons maak dan maar gou weer 'n ketel koffie. Later sal ons wel toegelaat word om die dogtertjie te besigtig. Ons sit dus vol verwagting maar geduldig en kyk hoe die helder maantjie al agter die flikkerende dagster

aantrek. Dis ook so 'n lieflike môre, met soveel heerlijkheid aan die diep-donkerblou hemel, dat ons gedronge voel om gedurig die oë opwaarts te rig. Dáár bespeur ons orals 'n verskeidenheid van prag: „De ene ster verschild in heerlijkheid van de andere ster.”

Jermie roep somar uit: „Kyk tog net hoe skitter *hierdie* ster!”

„Ja, maar kyk nou weer na *daardie* een, en *daardie!*” roep ek weer uit.

Dis alles lig—pure lig, daarbo. Maar nou sien ons ook eers die verskil in kleur, in prag, in grootte. Dis of ons daarin lees van liefde, meer liefde, onbeskryflike liefde. Uit al die ogies straal 'n liefdegloed; en tussen al die miljoene van laggende, vlammente ogies swewe die dagster soos 'n groot, lewendige vuurvonk al hoër met die silwermaantjie agteraan.

„Dis darem die moeite werd om in so 'n môre gebore te word,” sê Jermie, nog altyd met die oë omhoog.

„Ja, waarlik; ek het mos glad vergeet om jou geluk te wens,” antwoord ek nou en skud daarop sy hand. Dis mos sy sustertjie wát vanmôre gebore is. Hy voel ook so bly, want hy het nog nie 'n sustertjie gehad nie. Hy lag somar lekker.

„Jy moet weet,” sê ek nou vir hom, „sustertjies is tog alte lieflike ou goedjies; en as hulle eers so twee, drie jaar word, dan word hulle so vermaaklik dat jy somar die heel dag deur moet lag, lag. Hulle is ook ware vredemaakstertjies. Ek en my broer kry nie meer rusie waar ons sustertjie by is nie; en as ons die slag in 'n woordstryd raak en sy kom net daar op af, dan lag ons twee netnou, en alles is vergeet. Dit kom dan nie daarop aan of sy lag of huil nie; dit kom dan ook nie daarop

aan of haar kleertjies. handjies en gesiggie darem tog nog skoon is of al weer vuil besmeer is nie—wat sy ook al doen en hoe sy ook al daaruit sien, sy bring vrede en sy laat lag.”

So het ek en Jermie af en toe woorde met mekaar gewissel en in die lug gesit en kyk, tot eindelijk 'n vriendelike ou tannie vir ons kom sê: „Toe, kom kyk nou watter mooi dingetjie ons Vadertjie weer vanmôre in die daardie ou tent gebring het.”

Tegelyk spring ons op en langs mekaar gaan ons oor tant Malie se katel buk. En ja, daar lê 'n liewe, hulpelose en teer ou dingetjie. „Kyk tog hoe snaaks; ai, kyk nou hoe rek die ou ogies, en, my liewe wêreld tog, kyk 'n bietjie watter fatsoen die mondjie nou aanneem!” roep Jermie uit. Ek staan en verwonder my net soos Jermie. „Ai, Ma kan gerus dat ons haar Sterretjie noem,” sê Jermie weer; „want Ma moes gesien het hoe die sterretjies vanmôre geskitter het.”

Maar tant Malie lag net so effentjies. Vol trots hou sy die oë op haar dogtertjie; maar sy is siek en het nie lus vir praat nie.

Kort daarna het die son opgekom, en toe het ek die ou bekendes op Kamkierie maar gegroet en na Rougaga, waar my ouers daardie dae gewoon het, vertrek.

Rougaga was maar 'n ou klein en nuwe aanlegplekkie waar water soms baie skaars geword het. Pa het my juis na Kamkierie toe gestuur om te hoor of ons daarheen kon kom as ons water op-raak. En ná net 'n paar weke moes ons dan ook maar Kamkierie-toe trek.

Jermie was baie bly om my weer te sien. Hy het my ook somar na sy ma se tent genooi en gesê: „Toe, kom kyk bietjie net hoe groot ou Sterretjie al is.”

„Wat, het sy dan toe regtig dié naam gekry?” vra ek.

„Nee,” antwoord Jermie, „Ma sê sy moet ook maar Maria Gerrendina Fransina heet, net soos Ma; maar ons kan haar maar eers Sterretjie noem; dan is dit kastig haar kleinnaampie.”

Jermie het gelyk gehad: Sterretjie was al net 'n vet en flukse kindjie. Dit het gelyk of haar wangetjies opgeblaas was van pure vet. En die beentjies—dié was glad soos kussinkies.

Sy was 'n baie soet kindjie. Sy het haar ganse babetjiesjare deurgebring met lag, drink en slaap. Jy het haar nooit hoor huil nie. En sy het by die dag gegroei en vetter, vetter geword. Ook die bure kon nie genoeg van Sterretjie praat nie. Jy kon somar sien dat sy ook altyd gelukkig was. Dit was of sy ons ook almal altyd met 'n oulike laggie begroet het.

Eendag het ek my sesjarige sustertjie, Trienatjie, na Sterretjie toe geneem. En toe Trienatjie in Sterretjie se ogies kyk, lag sy ook so lekker soos Sterretjie en dans somar handeklappend om Sterretjie se ou kooitjie. Die grootmense moes ook lag oor Trienatjie en Sterretjie se kaskenadetjies.

„Jelle, jelle, kyk tog net hoe oulik al!” het 'n ou tannie uitgeroep.

Van daardie dag af was hierdie twee meisiekindertjies die beste matertjies; en ons almal het nader aanmekaar getrokke gevoel net oor die handelwys en liefde van hulle tweetjies.

Kamkierie was ook nie 'n slegte ou plaas nie. Daar was vir al die trekke water en weiveld genoeg, en so kon ons daar 'n paar jaar lank heerlik en rustig saamlewe. En in al die tyd was niemand siek of klaend nie. Ons het maar aldag so al

die goeie gawes uit die Vaderhand ontvang en net gesukkel om vorentoe te boer. 'n Opgeruimdheid het hom later heeltemal van ons meester gemaak en soms was ons glad uitgelate soos kinders wat saans kaatjie-van-die-baan is en nie kan slaap nie. Ons het dus baiekeer by die een of ander tent gedans tot laat in die nag. Soms het ons ook so 'n plesiertjie op die een of ander naburige plaas gehad, en keer dan weer snags in die liewe helder maanlig huiswaarts.

Tant Malie se man is 'n paar maande voor die koms van Sterretjie op die wêreld, oorlede. Jermie het dus altyd met sy ma moes uitry as daar die slag op 'n ander plaas 'n „vrolikheidjie” is.

Sterretjie en Trienatjie wat toe al fluks opgeskote kinders was, was die allerjongstes op Kamkierie en is dikwels saamgeneem na die plek waar die geselligheidjie, danspartytjie, verjaarsdagmaaltjie, of wat dit ook al was, sou wees.

Trienatjie het al later vir Sterretjie gevat en tog vir jou net gaaf en agtermekaar op ouderwetse manier oor die tentvloere gedraai. Van die ou tannies het daarvoor gelag dat hulle trane so loop. Een jongkêrel het vir 'n ander gesê: „Jong, maar kyk 'n bietjie hierdie hartlammetjies se dingetjies; ons moet hulle vir ons grootmaak!” En die ander jongkêrel het gesê dat hy al lankal daarvoor gedink het.

So het ons, soos ek reeds gesê het, 'n heel paar jaar baie lekker deurgebring. Maar toe het daar 'n dag gekom waarop Jermie en ek ten minste geskrik het dat ons daarvan kon doodgaan. Dit was vroeg in die môre van die laaste dag van November 1892. Vergeet sal, *kan* ek die datum nooit. En net kort daarna het weer 'n dag gekom wat vir al ons Kamkierie se mense so bitter soos



gal geword het. Maar ek sal eers terugkeer tot die laaste dag van November 1892.

Jermie en ek was op oom Hans Kooitjie se plaas. Hy het vir ons gevra om vir hom en sy ou vrou—daar hulle maar baie alleen was—te kom help voorbereidings maak vir die viering van sy verjaarsdag. En ons het die ou mense net fluks gehelp. Die deeg vir die ou tannie se mosballetjies en fynbrood het ons geknie. Die vet os het ons geslag; en 'n hoop vet skaapvleis het ons op haar worsmeul gemaal. Ons het hard gewerk, en die vorige aand alles in die haak en klaar gekry. Die ou mense was heeltemal tevrede, en onbesorg het ons almal toe daardie aand gaan slaap. Die volgende môre het ons voor dag en dou opgestaan, gou nog vir die ou mense 'n groot ketel koffie gemaak, dit tot so in die helfte vir hulle help drink, en toe op ons twee flukse ryperde gesprong om haastig en lekker huis-toe te laat stryk. Die dag daarop, 1 Desember, was oom Hans Kooitjie se verjaarsdag, en dan sou ons, al Kamkierie se mense, na die ou mense terugkeer om somar weer net 'n lekker tydjie met mekaar deur te bring. Baie ander bure was ook genooi en sou dan ook daar wees.

Jermie en ek het die twee perde, wat spekvet en maar alte gewillig was, so kort-kort die teuels gegee en laat wegspring. Daar was weer 'n halfmaantjie en 'n skitterende dagster aan die oosterhemel. Maar ons kon darem nie goed van die perde af op die grond sien nie. Dit was egter 'n gelyk wêreld en ons was baie goed bekend daarmee. Ons het dus nie altyd voor ons opgelet nie.

Opeens snork die perde tegelyk en spring verwaard in teenoorgestelde rigting uit die pad. En

wat sou ons sien? Iets soos 'n swart gordyn hang voor ons oor die wapad!

Ons was kêrels wat toe al baie die ou Boesmanlandse vlaktes in alle ure van die nag hot en haar op lang togte deurkruis het, en ons was vir niks ter wêreld bang nie. Ons draai somar weer die perde pad-toe en moedig hulle aan vorentoe. Wat die swart gordyn of newel of rookdamp voor ons betref—daar het ons ons eers nie aan gesteur nie en was van plan om somar daar deur te jaag. Maar tot ons grootste verwondering wou die perde om die dood nie 'n tree vooruitgaan nie. Hulle het liewer op hulle agterpote regop in die lug gesteier, maar vorentoe wou hulle nie 'n steek nie.

Vererg spring ons toe tegelyk af om die een voor die ander te gaan kyk wat dan eintlik voor ons is; maar ons perde word al meer verbouereerd en wou glad nie agter ons aan kom nie.

„Maar vat tog so,” sê Jermie kwaad, en hy oorhandig my sy perd se teuels. Ek verstaan wat hy wou doen en vat sy perd by myne, waarop Jermie vinnig vorentoe stap; maar skaars was hy 'n paar tree van my of ons hoor altwee 'n vreeslike geroggel soos van iemand wat hom doodwurg—daar in die gitswart verskynsel! Met 'n lelike uitroep vlieg Jermie om. En nou was ons altwee skielik só bang dat ons rittel van ang's en haastig sukkel om op ons perde te kom. Onwillekeurig laat ons die twee perde omvlieg; maar—daar is die swart streep weer voor ons, en ons arme verskrikte diere begin weer agteruit te steier en te bewe van ang's! Weer roep Jermie so lelik uit en skree daarby: „Wat moet dit tog nou afgee!”

Ek was so verskrik dat ek nie eens kon praat nie, maar loer net hot en haar waarheen of na watter kant ek tog sou probeer vlug. En toe

gewaar ek dat daar nie meer iets is waar ons die eerste maal onraad bespeur het nie. Toe roep ek op Jermie en ruk my perd weer om. Hy volg my voorbeeld; en daar spring ons twee perde gelukkig deeskeer somar as vanself vorentoe, en ons jaag uit alle mag huiswaarts. Maar, bang kyk ons tegelyk om, en—daar staan 'n afgryse swart gedaante skaars twee tree reg agter ons in die wapad! Hy het die vorm van 'n pilaar van rook wat soms by loogasbrand so regop in die lug styg, maar daarby het hy 'n aaklige, plat en breë kop wat na ons kant vooroorbuig, en twee lang, swart arms wat op ons perde se heupe uitgestrek lê. Dit het ons voorgekom asof die Dood ons jaag. En dit was of die arme twee perde dit ook voel, want hulle het oor die aarde gevlieg soos nooit tevore nie. Die gedaante was te afskuwelik om aan te kyk, maar ons kon tog nie ons oë van hom af hou nie. Ons het dan maar aangehou om agtertoe te kyk, vorentoe te slaan, en elke oomblik ons laaste lewensuurte af te wag.

Hoe lank en hoe ver die skriklike monster ons so op die hiele was, kan geeneen van ons sê nie; maar eindelijk hoor ons weer die nare geluide, soos mense wat gruwelik wurg, en opeens verdwyn die gedaante, en daar was nêrens iets te bespeur nie.

Maar ons het aangehou met slaan en jaag, tot ons kort daarna, so in die môreskemering, voor die eerste die beste tent op Kamkierie met doodsbleek gesigte en in half bewustelose toestand van ons twee papnat en uitgeputte perde afgeslinger het.

Elkeen het dadelik gesien dat ons iets ernstigs oorgekom het; maar op al die vrae kon ons niks antwoord nie. Ons moes net op ons lippe byt om nie in trane uit te bars nie. Van die ou tannies was

net lelik verskrik en het ons somar 'n boel medisyne ingejaag.

Die nuuskierigheid van almal was ons te sterk en so moes ons later teen wil en dank, na ons eers beter gevoel het, maar alles vertel. En die gevolg daarvan was dat daar toe 'n harde woorderstryd onder die mense ontstaan het. Party het hoog en laag gesweer dat 'n wolf, 'n swart bul, 'n tier of 'n oerang-oetang of soiets ons nagesit het. Party was weer van mening dat ons toevallig om dieselfde uur en op dieselfde dag en datum waarop iemand vroeër miskien wreed verwurg is, by die plek van die moord te lande gekom het en dat die vermoorde persoon ons toe op dié afskuwelike wyse daarvan wou verwittig. Ander, weer, was heeltemal seker dat die swart gedaante en vreeslike geluide alles net 'n voorbode is van iets wat nog stellig sou gebeur. En elke party was seker van hulle saak.

Jermie en ek het eers glad geen opienie gehad nie. Ons was toe ook so treurig gestem dat ons liewers nie daarvoor wou dink nie. Maar toe die plaasmense eindelijk aanstalles maak om na oom Hans Kooitjie te vertrek, skrik ons opnuut, en besluit daar en dan om maar tuis te bly. Ons soebat selfs dat die ander mense ook maar moet bly. Dit was vir almal wonderlik.

„Julle was dan altyd van die voorste dansers,” sê iemand.

„As julle nie gaan nie, sal oom Hans Kooitjie en sy ou vrou diep beledig voel,” sê iemand anders. Ons eie ouers dreig ons later dat ons moet gaan, en ander mense smee en bid ons selfs.

Maar so'n sterk gevoel teen die hele plesier-toggie, ja, so'n walging daarin het ons weerhou,

dat ons eenvoudig nie kon gaan nie. Toe word almal vir ons kwaad; maar daar was niks aan te doen nie.

En toe Sterretjie en Trienatjie moes aangetrek word om mee te gaan, het nog 'n naarder gevoel hom van ons meester gemaak. Ek kon dit nie oor my hart kry om van hulle tweetjies afskeid te neem nie; en so was dit ook met Jermie.

Maar die arme bloedjies was toe ook al so gewend daaraan om kort-kort soos dames uit te ry, dat hulle ook nie na ons soetwoordjies om maar te bly, wou luister nie.

Dié nag het Jermie en ek nie 'n oog kon toemaak nie. Vroeg die volgende môre was ons uit die vere en in tant Malie se kookskermpie waar ons so dikwels die vroeë môreure deurgebring het met sing en speel op 'n akkordeon en 'n ghitaar. En dit was maar altyd allerhande dansliedere.

Dié môre, egter, het ons g'n stukkie trek in al die wêreldsvermaak gehad nie. Dit was net die woorde van Psalm 77 wat ons harte kon trek en streel. Ja, en ons kon nie ophou om die derde versie van die Psalm oor en oor te sing en saggies agteraan op ons musiekinstrumente te speel nie; en ons kon ook nie help om die laaste reëls van die versie elke slag te herhaal nie. Kort-kort het dit deur die reine môrelug so agtermekaar geklink :

„En wat immer aan mijn ziel  
Van Gods hand te beurte viel.—  
*En wat immer aan mijn ziel*  
*Van Gods hand te beurte viel.*”

Ons het nog so gesit en sing toe ons skielik geroep word om te kom help inspan. Alles was nou skielik in rep en roer. Die hele Kamkierie

lewe. Almal gaan na oom Hans Kooitjie-toe. Tant Malie het 'n splinternuwe wewenaar wat baie in sy skik is dat hy haar self kan wegbring. Dis 'n kans waar hy lankal na gesoek het. Ou Kamkierie het baie mense en baie karre. Al die karre word langs mekaar getrek en lag-lag klim die mense op. Party spot nou met Jermie en my.

„Julle wil mos nou skielik vroom word en bly net treurig aan sing,” sê iemand.

„Hulle hou hulle lyf predikant,” spot 'n ander.

Jermie en ek bly maar doodstil. Ons voel al skaam en hartseer tegelyk; ons kon onself nie verstaan nie. En dit was vir ons so bitter, bitter om vir Sterretjie en Trienatjie te groet. Maar hulle tweetjies was so onskuldig, so lieflik en so lewenslustig. So fris as twee jong rosies het hulle dié môre op ou Kamkierie se werf gepryk.

Maar die skeidingsuur het gou aangebreek, en toe val die twee skatjies ons om die nekke; en 'n oomblikkie later was dit net 'n lang dreuning en 'n stofdamp soos die karre agter mekaar in die wapad trek . . . .

Dié aand was dit net Jermie en ek en die vee-wagters met hulle gesinne wat op Kamkierie was. En weer het ons die nag byna niks kon slaap nie. Ons was die volgende môre, weer voor dag en dou reeds in die kookskerm pie besig met die koffieketel, die akkordeon en die ghitaar.

Later het die dag gebreek. En dit was 'n heerlike dagbreek, so koel en fris, so vol kleure en skitterende hemelliggame, so vol melodieuse voëlgesang op helderklinkende gesoem, -soem van in-sekte deur die lug. Ons het later doodstil gesit om net aandagtig rond te tuur en rond te luister. 'n Mooi dag word gebore: In alles kom herlewing en

nuwe besieling; orals is hernuwing en volmaakte verandering. Lig breek orals deur; 'n slapende wêreld ontwaak.

Maar ons sit nog altyd doodstil. Toe, opeens, hoor ons harde dreunings. Ons luister, en ja, dis van die voorste karre wat al weer terugkeer. Kort daarna volg nog karre, en spoedig was al Kamkierie se mense weer tuis. Maar almal sien daar baie moeg en lusteloos uit. Almal wou net slaap, slaap, tot klein Sterretjie en Trienatjie ook. Ons kon niemand iets uitvra nie. Die plesier is verby en die mense moes eers rus tot hard middag toe. Toe het eers weer hier iemand sy twee bloed-rooi oë begin uitspoel en daar iemand gaap-gaap sy velskoene stilswyend aangesukkel. Maar niemand wou eers gesels nie. Dis of almal nog net in stilte wou terugdink. Later was dit of tant Malie skielik iets byval en toe roep sy uit:

„Ag, Heretjie, as ons ou kindertjies tog maar nie witseerkeel kry nie!”

„Wat, hoekom dan!” roep Jermie en ek tegelyk uit.

„Daardie ou Maraaija wat so orals met haar dogters rond kattermaai was natuurlik ook daar; vannag het een van haar dogters siek geword, en vanmôre hoor ons hulle van witseerkeel praat,” sê tant Malie.

En nou begin almal die tant Maraaija met haar dogters sleg te maak. Baie mense het die gewoonte om van plekke waar masels, kinkhoes en nog gevaarliker aansteeklike siektes heers na Nag-maalsvierings op dorpies of ander vergaderplekke te kom en dan die hele wêreld aan te steek en ongelukkig te maak.

Maar nou voel dit vir almal of tant Maraaija en haar dogters die enigste sondaresses is wat al ooit

soiets gedoen het. Vir dae lank was daar dan ook baie slegte uitdrukkings oor hulle gemaak. En al Kamkierie se mense het ten minste in daardie dae geen foute of gebreke by hulleself of ander mense gesoek of gevind nie.

Maar toe kom daar skielik 'n dag waarop Sterretjie en Trienatjie so byna tegelyk inval aan die gevreesde witseerkeel. En toe het bloedverwante en vriende by mekaar gestaan en alles gedoen wat ooit op Kamkierie kon gedoen word tot welsyn van die twee siek bloedjies. 'n Dokter is baie ver vandaan laat haal, en kort daarna nog 'n dokter wat nog verder af was. Groot moeltes is gemaak om die een of ander kosbare raad of middel vir die siekte in hande te kry. Alle nodige stappe is gedoen om die gevaar te bestry, ja—en ook is deur meer as een persoon agter eensame bosse of klippe en op die knieë om hulp van Bowe gesmeek!

Maar, helaas! Die vlies, wat die oorsaak van die twee wurgende, toe keeltjies was, wou nie verdwyn of verteer nie; en die dierbare Sterretjie en Trienatjie se soet stemmetjies was bedroef en belemmer. Die nekkies het opgeswel; die tonggetjies was bont; die mangeltjies vol wit kolle en die asempies het 'n naar ruik gehad. Hulle het gou uitgeput geraak; die eetus was weg; die koors het toegeneem. Later het die laaste dokter ook sy kop geskud en gesê dat seker weefsels na die lugpypies toe afsak en dat die kindertjies letterlik sal doodwurg.

Dit was die vreeslikste woorde wat al ooit op Kamkierie gehoor was.

Maar hoe vreeslik ook, die dokter het gelyk gehad. Altweetjies se uiteinde het gelukkig gou gekom—gelukkig, want daar was geen hart op Kamkierie wat dit meer kon uithou nie; en toe is



die twee byna enerse krulkoppies tog ook verlos, en kon ons maar die oorskotjies, waarin die vreeslike siekte uitgewoed het, stilswyend en onder warm trane gaan wegbêre.

Daardie dag was vir al Kamkierie se mense gal-, galbitter. Die engeltjies van die ou plaas het ver bo lug en wolke heen vertrek. Hier het net twee skoentjies gelê of daar 'n rokkie gehang.

Al die bure het toe ingestem dat die swart gedaante wat Jermie en ek ontmoet het 'n voorbode was van die dood van Sterretjie en Trienatjie.

„Dit was 'n ernstige waarskuwing—daarom was dit so afskuwelik. Ons moes ten minste sulke klein kindertjies nie na so'n nagtelike ravotplek geneem het nie,” het iemand gesê.

„Hulle is hier verkeerd gelei; toe was daardie roepstem; en toe dit nie wou help nie, is hulle na 'n beter Omgewing vervoer,” het iemand anders gesê. Maar Jermie en ek kon nie oor die saak praat nie. So in die stilte kon ons maar net dink aan al die voorspoed, gunste en ander gawes wat die Heer ons eers hier op Kamkierie geskink het; en dan weer aan die harde, harde slag, waarmee Hy tot diep in die siel getref het. En net soos die dag breek, gryp ons ghitaar en akkordeon en begroet die nuwe môre, daar in die kookskerm pie, waar ons ook gesit het toe Sterretjie op die wêreld gekom het en waar ek Trienatjie aan haar voorgestel het. En altyd kon ons net in die tintelende hemelgewelf opkyk om herinner te word aan die vreugde van Sterretjie en Trienatjie.

## V.

### 'N BOESMANLANDSE BABETJIE.

---

Vyftien jaar lank was haar sielsverlange na 'n eie babetjie, heeltemal vrugteloos; maar in die sestiende jaar het die babetjie glad onverwags gekom. Sy kon dit waarlik nie glo nie. En tog, daar lê hy—die ou klein, hulpelose seuntjie! Sy hou haar oë gedurig op „hompie” gevestig; dit kon sy nie help nie.

Reeds die eerste dag van sy lewetjie op aarde was sy beeldjie al vir altyd tot diep in haar siel afgedruk. „Hompie” nou ooit vergeet, selfs vir één oomblikkie, is gans onmoontlik. Die ou mannetjie se hele wesentjie is dan tog ook so kenbaar. Kyk sy neusie . . . ag ja, dis haar eie moeder se neus, net baie kleiner. En dan die lieue „klein bekkiekie” . . . ag, dis presies haar *eie*, eie mond. Die uitkyk van die ogies, die kleur van die haartjies, die kort beentjies en die lang bolyfie—alles van „hompie” herinner aan die een of ander eie verwant.

Word hy kwaaitjies, dan is hy eers mooi; al huiltjies hy, sy stemmetjie klink ewig soet!

En hy is tog so lewendig! Kyk, vyftien jaar was dit so stil, so leeg, so dood. En nou? . . . Ai, kyk tog net hoe woel hy! Kyk hoe vroetel die krom beentjies; kyk hoe gryp die handjies. Nou steek die teer vingertjies onnosel in die lug; nou krul hulle weer so vuismvormig inmekaar; nou staan hulle alkant toe en heeltemal doelloos. En

kyk bietjie na al die verskillende plooitjies en trekkies op die ou gesiggie. O, is „hytjie” tog nie baie lewendig nie! En—ag, foei tog, . . . daar het hy nou skielik aan slaap geraak!

Die moederoor hoor hom nou „sapiës”. Sy sien sy borsie kort opmekaar hyg, sy hoor sy asempie. Haar oë bly op die koeëlronde gesiggie, wat met ’n blou mussie omlys is. Daar is ’n drang in haar om „hompie” vaster te gryp en haar lippe oral en oor en weer op die ou dingetjie te druk. Maar die gedagte dat sy „hompie” sal steur in sy slaap, weerhou haar.

Versigtig kom die seuntjie se pa nou ook nader. Drie groot vrae het hom nog altyd besig gehou en beangs: By wie, waar en wanneer sal hy hierdie ou mannetjie se geboorte moet gaan registreer? Wat sal tog die mooiste en geskikste naamie vir die skepseltjie wees? Waarmee en hoe sal hy, as vader, die nuwe mensie uitrus vir die harde lewensstryd?

Op die oomblik kom hy nou ook nog ’n slag die kêreltjie beloer. Hy druk met sy hande bo sy knieë en gebruik so sy arms as twee stutte vir sy vooroor-geboë liggaam, om naby genoeg met sy kop op die kinderbedjie te wees.

„Pas tog op, Ouste,” sê sy vrouetjie, „dat jy hompie nie laat skrik nie; wag tog liewers—jou asem is vir hompie glad te skerp!”

By hierdie woorde skrik hy half op, en draai dan maar tevrede weg. Nou ja, hy sal dan maar weer daar eenkant gaan sit en hom verknies oor die drie groot vrae wat hulle so ernstig by hom opdring.

Die seuntjie is ook al weer wakker, en „hytjie” is nou somar knieserig ook. En die moedertjie

se hart word bang. O, „hytjie” moet tog nie siek word nie! Met die sorglikste gelaat kyk sy gou na haar ou apteektrommeltjie, en dan weer op haar kindjie.

Ja, nee, ou tant Hannie moet maar weer laat haal word: „hytjie” is tog seker siek. En tant Hannie het gou gekom, want sy is nie 'n vrou wat by siekte agteruitstaan nie. Haastig ondersoek sy die seuntjie, onderwyl die angstige moedertjie se hartjie al vinniger klop.

Eindelik gee tant Hannie haar opienie: „Die ou stomme dingetjie,” sê sy, „het die suur en die melkspru; daarby staan hy aan geelsug bloot en het boonop nog 'n spesie van 'n ander siekte onderlede.”

Die moedertjie bars in tranes uit. Die vader skrik so hewig dat hy voor tant Hannie kom staan en baie ernstig vra: „'n Spesie van watter siekte?”

„Nee, dit weet ek nie,” antwoord tant Hannie, „maar ek ruik dit.”

„Nou, wat is suur en wat is melkspru?” vra hy weer.

En toe neem dit tant Hannie goed 'n uur om hierdie kindersiektes duidelik te maak; maar al die omslagtige uitlêery was verniet—die vader en moedertjie kon daarvan niks verstaan nie.

Spoedig was dit orals bekend dat die nuwe, onverwagte klein Boesmanlandertjie gevaarlik siek lê. En spoedig ook was rondom sy bedjie 'n groot vergadering van 'n klomp wysgerige ou tannies wat nou uit alle oorde hierheen aange-galop het.

Baie oë staar nou op die ou suiglinkie. Die ou tannies is rêrig baie slim. Hulle skud almal

die kop; hulle sien almal die een of ander slegte voorteken; hulle gee almal 'n ander oordeel van die siekte; hulle het almal 'n ander raad vir die „keend”.

Elkeen wil hê haar raad moet dadelik opgevolg word; elkeen vertel hoe *haar* raad ander lewes gered het van „duisend node, duisend dode.”

Die vader en moedertjie staan stom, radeloos tussen die hope van raadgewings. Goeie raad was nou so volop dat dit hulle die hande wanhopig laat wring.

Die seuntjie ruk agteroor, krimp weer stuiptrek-kend inmekaar en huil dat jou ore tuit en „hytjie” self potblou in die diepgeplooid gesiggie verkleur.

Die moedertjie trek haar dit so aan. Haar ganse liggaam rittel in doodsangs. „Heei, as hierdie bloedjie moet sterwe!” . . . Was die dood tog maar sigbaar; al verskyn hy ook in die grusaamste gestalte—wat gee sy om? Dan sou sy selfs bly wees om met hom te worstel, . . . en sy voel somar sy sou hom oorwen ook, want haar liefde is sterker as die dood. Maar sê nou dis die wil van die Heer. . . . Ai, dan moet Ons Vader-tjie haar tog maar saamneem, saam in dieselfde ou graffie waarin „hytjie” sal rus; want daar, so by „hompie,” sal die dood soet wees.

So vlieg duisend bang gedagtes deur die tere moedersiel. Die bitterste smart en diepste wond kom darem maar net daar waar van die moederbors die suigling, waaraan die eie moederhart klewe, afgeskeur word. Die vrees vir hierdie smart, hierdie soort wond, maak haar so gejaagd, so benoud. Haar liggaam rittel dan en yskoue sweedruppels blink op haar voorhoof.

Die wysgerige ou tannies kyk mekaar ernstig aan. Hulle verstaan die hele siekte tog alte goed. Hulle verskil wel van mekaar omtrent die middels wat die seuntjie moet inkry; maar dié verskil is eintlik geen verskil nie, want die stomme bloedjie kan mos maar net al hulle verskillende soorte medisynes so kort na mekaar drink. Dis 'n geval van „wat nie doodmaak nie, maak vet.” En dus stuif die ou tannies dan haastig weer uitmekaar, elkeen na haar eie tent, om gou 'n boel medisyne te haal.

Spoedig kon die doktery begin. Een ou vrou draai 'n linnelappie om haar krom wysvinger, doop dit in 'n mengsel van boraks en heuning en was daarmee die sagte kindermondjie uit. Dis haar raad vir melkspru. 'n Ander tannie het fyngestampte klipblom en gebrande aluin in lou teewater aangemaak—in haar oog die onfeilbaarste middel teen genoemde kwaal, en sy wag net haar kans af om dit toe te dien. Tant Hannie voel regtig aardig dat haar raad nie liewers eerste probeer is nie; maar ook sy besluit om netnou daarvan gebruik te maak. Vereers sal sy en haar ander medewandelende resepte maar solank hulle verskillende aftreksels vir die suur voorberei.

Die vader voel baie bedruk. Die doktery lyk vir hom 'n treurige affêre. Hy het eenmaal 'n siek perd wat hy tog te graag wou red, net vyf soorte middels so kort agtermekaar ingejaag en—met watter gevolg? Die stomme perd het alles ewe gedwee gesluk, toe sy kop lewensmoeg op die wrede aarde laat val en oombliklik gevrek. Die arme vader weet ook 'n babetje is wel 'n lewende, besielde wesentjie, maar tegelykertyd ook die sagste *klei*, deurwewe van die teerste veseltjies,

wat gou kan groei, tot die hulpeloosste skepseltjie 'n gesonde en mooi-geboude *mens* is; maar tog ook so delikaat dat daardie klein, rooi liggaampie deur onkunde en verkeerde behandeling trapsgewyse of somar subiet vir altyd vernietig kan word. Die arme vadertjie lees ook die Psalms. En hy onthou baie goed wat in die 15de versie van Ps. 139 staan: As die Heer die mens soos fyn „borduurwerk gewrog” het, hoe fyn en vlekloos skoon moet hierdie ou klein seuntjie dan nie wees nie? Net een vuil vinger besmet fyn, skoon borduurwerk baie gou. En dit wil die vadertjie voorkom of die seuntjie moontlik iets onreins kan inkry: Daar staan soveel medisynebotteltjies met viese papierproppies; die vlieë is so bedrywig; baie ou ingeduike blikapteektrommeltjies het van binne en buite sulke vuil letsels; wonderlik-gekleurde poeiers en kruies kom tog uit sulke ou half-vergane lappe; droë stukke duiwelsdrek, jalapsakies, ou doepadosies, kajapoetolies en ander gevaarlike goed versprei reeds so 'n onaangename ruik dat jy sou sweer die kwaaieste gees van hartsoring is oor die ganse huis uitgestort. . . .

Nee, dit kom die papatjie nie meer net so voor nie, hy is nou al daar seker van: Die ou seuntjie sal vergif in sy teer magie kry. Dit moet verhoed word. Wag, hy sal gou stilletjies die dokter laat haal. En onderwyl hy sy oujong beduie hoe vinnig hy moet jaag na die dokter, kom twee seuns, een meidjie en drie klontkies hom somar amper tegelyk ses potloodbriefies oorhandig. Hy skeur die eerste oop en lees:

„Waarde Nef en Neggie,—My ou man lê weer aan die roematie, en so deus kan ek nie self kom nie, maar ek hoor jel onskuldig bloedjie het die

stuipe. Vang gou net drie weegluiste, druk helle in twee eetlepels melk dood, haal dan helle velle uit en gee die weegluisbloed met melk en al vir die arme ou skaapjie in en . . . ."

Die vadertjie word somarso vies en wou nie verder lees nie, maar ruk die briefie in flenters en lees die twede :

„Seer Genagte Maans,—Dienatjie van ou sus Diena sê sy heef gehoor julle ou soonjie heef niet dag of nag rus van het wurgsiekte. Dis banja gevaarlik en daarom moet u hem so spoedag mogentlyk kaauwgoed met vet ingeef . . . ."

Weer word 'n halfgelese briefie haastig tot flenters verfrommel.

„Kougoed, kougoed!" herhaal die vadertjie boos, en vervolg: „Kougoed is dan 'n geesdodende slaai wat Hotnots in Loeriesfontein se koppe pluk en in liederlike velle insweet tot dit sterker is as twak-ekstrak en dagga, en dan gebruik om hulself in smoordronk duiwels te verander!"

Tot verbasing van die reeds verstomde seuns, meidjie en klontkies smyt die vadertjie nou die orige briefies net daar neer en stap brom-brom na sy huis sonder verder van hulle enige notiesie te neem.

Die babetjie lê en snik in 'n floute van al die huil. Die moedertjie laat rol nou maar haar koue sweet- en warm traandruppels somar vry, maar klou haar kindjie wreed vas. Die ou slim tannies hou nog raad om nog meer raad te vergaar. Baie yweriger as rysmiertjies voor 'n verwagte storm gaan die ou welmenende siele hier by die siekbedjie aan. Hulle het so baie „sêgoed."

Die vadertjie sukkel om sy vroutjie se betrande ogies te vang. Hy vra haar saggies: „Het hulle



hompie alweer goed ingegee?" Maar sy staar hom as 'n waansinnige wese aan; sy kan glad niks verstaan nie. Sy weet nog net haar kindjie is baie, baie siek—dis al; maar genoeg om haar te verteer of te versteen tot sy gevoelloos en spraakloos ronddwaal. Het sy nie vyftien lange jare gebid en gewag om tog ook in die geluksalige moederskap te verkeer nie? Om *moeder* te wees—dit was al haar hoop, haar lewe. Dis die wêreld waarin sy alleen kan bestaan, nou—nou dat sy 'n klein, teer hartjie hier vas aan haar eie hart kan voel klop, 'n lewende sieltjie vas aan haar bors! Nee, lewe of dood, niks sal hulle skei nie.

Sy soen „hompie,” en vir die oomblik glimlag sy. Dis so soet. Sy druk „hompie” al wreder vas . . . .

Onverwags kom die dokter in. Hy werp nuuskierige blikke op die ou tannies en al hulle apteek-trommeltjies. Hulle skrik en deins terug soos vir 'n spook. Die dokter maak keel skoon. „Jaaa,” sê hy, „hoe meer siele hoe groter vreugde; maar hoe meer medisynes hoe groter dood.” Toe lag hy so lekker dat jy hom moet liefkry.

Maar die ou tannies kyk die vadertjie boos aan, skud hulle koppe en trippel die huis uit. Hulle wens hom niks toe nie, maar . . . . hy het hulle hulp en raad versmaai en 'n dokter laat roep en—wat weet so 'n dokter nou? As die kindjie nou te sterwe kom, wie se skuld is dit dan?

Maar die dokter kan nie die ou tannies se gedagtes lees nie, en so gaan hy ongesteurd aan om die kindjie, wat hy met moeite uit die moederarms lossukkel, te ondersoek.

Later draai hy die rooi liggaampie om en vrywe eers oor die magie en toe oor die linkerbladjie.

'n Paar winde ontsnap die ou borsie. Nou dien hy die kindjie so 'n klein bietjie van Woodward se krampwater toe.

„Julle kindjie is gaaf en gesond,” sê hy; „net 'n bietjie suur, wat winde en soms pyne veroorsaak; maar daarvoor is hierdie krampwater uitstekend.”

Die vadertjie kan sy lag van blydschap nie weerhou nie; maar die moedertjie het amper die dokter se voete gesoen toe sy woorde tog eindelik in haar hart ingang kry.

Met die grootste aandag sit en luister hulle tweetjies nou hoe eenvoudig dit is om 'n babetjie groot te maak. Die dokter maak alles duidelik. Laat die kind net oordags drink en dit net op vaste ure, maar nooit in die nag nie; bad hom gereëld; moenie dat hy met melk in sy mondjie aan slaap raak nie; alles wat hom aanraak of by hom ingaan, moet vars, fris en rein wees . . . . Ja nee, wat, dis nie nodig om die dokter se woorde verder te herhaal nie: Hulle sal dit mos nooit weer vergeet nie. Dis ook alles so eenvoudig en doodnatuurlik. Dit kan ook nie anders nie. Die liewe Heer het mos Self die mens geskape. Verstandige ouers kan maklik altyd gesonde kinders hê. Die dokter sê ook so . . . .

Eindelik vertrek die dokter. Die vadertjie sit nou heeltemal lekker en rook 'n aangename pypie. Hy bekreun hom glad nie meer oor die kindjie se naam, doopdag en ander moeilikhede nie; want hy voel nou te verheug dat hy nou ook begin te verstaan hoe maklik 'n mens kindertjies gesond kan grootmaak. So lag-lag herhaal hy darem maar weer die dokter se woorde. Toe dink hy aan die ou tannies. Nou vra hy homself af: „Het die

dokter nie gekom nie en ons kindjie was nou dood-gedokter, wie se skuld was dit dan?" Hy kry 'n gril deur sy lyf.

Die mamatjie stel haar nog altyd voor dat sy en haar suiglinkie met hulle voete reeds binne-in die graf was; dat hulle lank en bitter met die dood geworstel het; dat hulle tweetjies nou net bo 'n yslike donker afgrond omgedraai het . . . . In haar kindjie sien sy 'n martelaartjie, 'n engeltjie, 'n heldjie. Ja, die skoonste beeldjies van „hompie" rys voor haar op. 'n Wêreld van tederheid straal uit haar oë toe sy „hompie" nou saggies vaster druk en soen en soen. Sy het nou die bloesendste gelaat. Dis net „hytjie" wat haar so kan laat oplewe — daardie ou Boesmanlandse babetjie!

## VI.

### MOENIE VIR OU MARTIENS KANS GEE NIE.

---

Moenie vir ou Martiens op 'n onderwerp bring waaroor jy ook graag wil praat nie, want as die ou eers die kans gekry het om die voortou te vat, sal jy vir ure net moet sit en gelykgee en niks kan sê nie.

Sê nou, by voorbeeld, jy het lus om so 'n bietjie oor bankrotskappe, belastings, groot droogtes, skinderbekkige bure of ander swarighede en treurighede te gesels, dan moet jy somar begin sonder om eers vir ou Martiens 'n kans te gee. En dan moet jy ook nie hier of daar eers net ophou om asem te skep nie; nee, jy moet somar begin en onafgebroke aanhou tot op die end.

Glo vir my, ons ken vir ou Martiens. Hy het eendag by ons gekom en ná ons mekaar gegroet het en oor en weer na elke famiëlid se welstand verneem het, het ek ongelukkig so onder die praat iets van 'n donkie gesê, want ek wou net 'n grappige verhaaltjie van die donkie begin. Maar net toe ek sou lostrek met 'my storietjie, sê ou Martiens: „Wat, 'n donkie! Van 'n donkie moet julle nie praat nie. Hy is mos 'n dooi ding, maar tog kan ons nie sonder hom klaarkom nie.” En hier roep die ou my op die naam en begin somar weer: „Weet jy, Hansie, dat 'n donkie so 'n dooi ding is en dat ons nie sonder hom kan klaarkom nie?”

Vererg antwoord ek : „Maar Oom weet mos tog goed dat ek met donkies grootgeword het en alles van hulle afweet.”

„Nee, wag 'n bietjie,” sê die ou daarop; „dis mos darem nie al nie; want 'n donkie is die een dag 'n sterk ding en dan die ander dag somar 'n dooie, sleg ding. Jy ken mos tog darem my span vales, nè? En jy weet mos tog darem watter verskriklike vragte hulle deur Ragel se ou sandduine gesleep het, nè? Nou ja, goed; reken bietjie net, nou die dag het hulle vorentoe gebeur en ek het weer agtertoe gebeur, en hulle kon niks aan my maak nie! Wat sê jy daarvan? Is dit nie vir jou wonderlik nie? Maar wag, laat ek eers vir jou vertel hoe dit gekom het, want ek wil jou eers net oortuig dat 'n donkie die een dag sterk is en die ander weer sleg; dan kan ons verder gesels. Nou ja, kyk, dit het só gekom: Eergister kom ek met my tien vales voor my dolleë wa van Vroumenskraal af na Onderste-Uilbaard. Ek was somar glad alleen. Nou, jy weet mos dat ou Van Newer sulke lang, dik kareeboompale by sy hek oor die pad ingeplant het? Nou reken bietjie net, toe ek by die hek kom, spring ek van die wa en druk die span vales so bietjie linksweg, sodat die wa nie die regterkantse hekpaal kan raakvang nie. Maar, wat, ek was te laat en toe ek vir my kom kry, was ek so reg tussen die wa en die hekpaal, en toe vang die wa se verbrande reel my so reg agter die kakebeen en druk my kop teen die hekpaal vas! Ek skree hoo, hou! maar wat, jy ken mos 'n donkie; dis mos nie 'n ding wat somar gaan staan as hy vorentoe aan kruie is nie. Daar was dus vir my geen ander raad nie as om vas te trap so wat ek kan en met alle mag agteruit te beur, of die span vales skeur my ou kop van

my lyf. En, sien jy, hier kom ek nou by die punt, want net so seker as wat jy nou hier voor my op daardie ou groen veldstoeltjie sit, het ek toe die wa met die span vales morsdood stil op die plek vasgehou—en dit net met die krag van my enkele ou nek! Maar dit moet ek jou darem daarby sê, dit het hard gegaan, en van my rooi baard sit vandag nog daar teen die hekpaal vasgepers, want jy kan verstaan, ek sê mos, dit het nie so maklik gegaan nie. Maar tog, soos ek sê, vasgehou het ek hulle, want anders was ek mos dood, en hier sit ek nog springlewendig voor jou—jy sien mos tog self, en dus verstaan jy.”

Haastig roep ek hier uit, sodat hy my nie weer in die rede kan val nie: „Ek sien, ja; ek sien en ek hoor ook, maar dis darem hard vir 'n sondaar om dit te verstaan!”

Maar hy steur hom glad niks aan hierdie woorde van my nie en hervat maar weer: „Nee, ou boet, nee; van 'n donkie moet jy my niks vertel nie; ek ken hom, o-o-o, ek ken vir hom, dit moet jy tog weet. En dan is dit vir jou 'n ding wat kan stadig stap en dan darem tog so vinnig stap en somarso gou stap. Laat ek jou bietjie vertel: Reken bietjie net, ek en ou skoonvader kry nou somar verlede jaar, oestyd, skielik lus om met die wa Hartbeesrivier-toe te ry om daar gou vir ons rankgoedjies, soos waatlemoen, spaanspek en sulke snoepery, te gaan haal. Nou ja goed, ons laat lê nou vir jou 'n groot trapsel koringgerwe net so in die vloer en spring in die pad met die wa en die span vales—nou Hartbeesrivier-toe, moet jy weet. Die eerste aand op tog, slaap ons net so 'n tien tree van Pampoendrif se oorkantse wal af, net waar die ou koerbéboompie teen die knoppie staan—jy weet tog waar dit is? Nou ja, netso,

net daar op die eiste plek het ons die aand uitgespan, die wa gesmeer, geëet en toe geslaap. Maar kort na middernag het die maan opgekom, en toe het ons opgespring, die span vales gou in die maanlig gesoek, hulle voor die wa gegooi en vorentoe laat spaander. En hoelank ons toegery het, weet ek nie; dit was 'n heel ruk, maar dit was darem nie sodanig doodlank nie. Sê nou maar dit sal so 'n goeie twee uur gewees het; of, nee, sê nou maar 'n uur—ja, nee, dit sal darem 'n uur en 'n half gewees het. Nou ja, ons het dan so 'n heel ruk, so 'n uur en 'n half gery, toe spring ek af om die briek by 'n afdraandetjie—ou Rooivloer se afdraandetjie, jy weet mos waar dit is—so 'n bietjie aan te draai. Ek draai dan ewe houtgerus die briek net so op die maat aan, en toe ou skoonvader daar voorkant van die wa se voorkis af skree: „Draai los, draai los!” toe draai ek hom los, ja nee, toe draai ek hom somar los, en stap nou op my dooie gemak vorentoe om te gaan opklim. Maar, soos 'n mens is, kry ek nou hier in die middel van die wa se lengte somarso skielik die splinternuwe gedagte dat ek nou kastig juis onder die wa moet inloer. Nou ja, ek pluk my dan ook somar dwars, buk en loer, en—wat sal ek sien? Ons ou teerputs hang jou waarlik nie aan die ysterhaak van die langwa nie! Ons het dus die vorige aand met die wa se smeerdery glad vergeet om die teerputs weer op sy plek op te hang, en nou staan hy natuurlik nog so 'n tien tree duskant Pampoendrif se duskantse wal, daar langs die ou koerbéboompie wat teen die knoppie staan † En ons kan nie sonder die teerputs klaarkom nie, want hoe sal die wa tog nie skree nie as hy nie kort-kort gesmeer word nie?

,Ho, ho!' skree ek toe somar op die span vales.  
,Wat is dit dan nou!' skree ou skoonvader  
weer na my kant toe.

,Pa, die teerputs staan nog by Pampoendrif,  
Pa,' skree ek nou weer terug; ,en nou moet Pa  
maar hier stilhou dat ek hom eers gou kan gaan  
haal, Pa.'

„En voor ou skoonvader weer hierop kon boef  
of baf, spring ek toe terug op die wapad—nou  
Pampoendrif-toe. En sien, hier kom ek nou by  
die punt dat 'n donkie stadig stap en darem vinnig  
stap. Want ek het my verbeel dis somarso 'n tien-  
tellinkie na die uitspanplek, maar moenie glo nie!  
Ek het gedraf en gestap en gegalop, en weer gedraf  
en gestap, maar toe ek eindelijk weer die ou wêreld  
bekyk, om te sien waar omtrent ek nou sou wees,  
toe gewaar ek eers dat ek nog somar in my peetje  
sal moet galop en bladslaan en riemsny eer ek vans-  
lewe die ou teerputs aan sy hingsel sal kan gryp.  
En sien, toe gewaar ek rêrig dat 'n donkie vir  
jou 'n ding is wat natuurlik maar stadig stap, maar  
wat darem ook maar in somarso in 'n omsientjies-  
tyd verbrands baie vinnig en ver kan stap. Nou  
verstaan jy my mos, nè? Maar wag, nou wil ek  
jou somar die storie van die teerputs verder tot  
op sy end vertel, want anders kan jy dink ek jok  
vir jou. Nou ja, ek sou seker eers teen sonop  
by die arme teerputs gekom het, maar daar was  
toe 'n ander ding aan die gang. Jy verstaan, ek  
sê 'n ander ding: Reken bietjie net, na ek dan  
toe maar weer 'n flukse ent teruggehardloop het,  
hoor ek eindelijk skielik iets voor my in die wapad.  
Ek gaan staan, hou my hand bak teen my oor  
en luister. Ja nee, dis 'n perderuiter wat hier aan-  
kom, dink ek. En toe koes ek somar gou agter  
'n ou gannabos langs die pad om die ruitser, net



soos hy regoor my kom, lekker skrik te maak. Ek sit op my hurke, ek kyk nie, ek loer nie—ek wag net. En, ou boet, toe die affêre dan ook hier so langs my sal verbyjaag, toe spring ek darem vir jou daar agter die ou gannabos uit en skree dat die aarde so dreun : ‚Hiert, jou boggem !’

‚Maar kyk hiersô, toe skrik die ding darem vir jou dat hy somarso in die lug in opsteier en so agtermekaar skree : ‚Tjaung-kaloeng, tjaung-kaloeng !’ En toe loop hy darem so waarlik dat dit so kraak en die stowwe draai. Ek het my sye moes vashou van lag, lag, of ek skudde my stukkend. Maar toe ek so ’n stuk of twee, drie lagbuie uitgelag het, toe kry ek skielik weer die teerputs se gedagte, en toe draai ek my òm om dan maar weer blad te slaan, Pampoendrif-toe. En hier kom ek nou by ’n snaakse punt, want net toe ek my draai, toe stamp my voet teen iets wat ook tjaung-kaloeng klink. Ek buk en kyk en, ja—wonder bo wonder, hier lê ons teerputs ! Ek trek ’n vuurhoutjie en kyk weer, en ek trek weer vuurhoutjies, en ek sny so ’n bietjie spoor, en toe word my die hele ding duidelik. Dis jou waarlik ’n wolf—jy verstaan mos natuurlik?—’n wolf ! Hy was seker baie honger en het daar op ons slaapplek by die ou koerbéboompie na afgeëette beentjies gesoek en toe maar die ou teerputs vir ’n stuk kos gegryp en weltevrede in die wapad gespring. Maar by die ou gannabos het hy hom so vrek geskrik dat hy, tot my grootste geluk, die teerputs gelos het. Hy het my dus ’n hele rit bespaar.

‚Maar nou kan ons maar na die eintlike punt toe gaan—die donkie. Jy weet, van ’n donkie kan ’n mens my niks vertel nie, want ek ken vir hom so deur en deur. Het jy al eens ooit agtergekom dat ’n donkie die sagste en geduldigste, en darem

tog ook die koppigste en kortgebakerdste dier is? Wag 'n bietjie, laat ek jou sê: Gaan met hom jare lank om soos ek. Leer hom, brei hom, maak staat op hom en laat hy self die wêreld leer ken. Gee hom twaalf ambagte: gooi hom voor die kar en die transportwa, en maak ook van hom 'n meuldonkie, 'n rydonkie, 'n pakdonkie, 'n ploegdonkie en 'n damskraper-donkie. Leer hom alle toestande proe: laat hom dik vreet en suip, maar laat hom honger en dors ook ly. Slaan hom en paai hom; skop hom en flikflooï hom. Gee hom baie mooi sagte tuigies en gee hom ook goeters van harde rourieme en ysterkettings. Maak van hom 'n doodgoeie dier, maar bederwe hom ook; maak van hom 'n dief. Leer hom snags steel in 'n ander man se koringland. Laat hom dae lank as laagste misdadiger by 'n kwaai buurman op skut staan. Laat hom só uithonger tot hy later die kuns verstaan om deur 'n kamp van ses doringdrade te kruip. Leer hom dan gekniehalter en gespan tege-lyk loop. Voer hom so vet soos 'n vark; maak van hom 'n pragtige dier: roskam hom en skeer sy maanhaar mooi netjies met 'n boog. Laat hom dan uitteer tot sy hare verbrand en sy vel aan sy rugstring vasdroog. Gaan só met 'n donkie om, my ou boet, en dan sal jy altemit ook iets van 'n donkie weet en te vertel hê. Maar nou wil ek nog gou sê, jy moenie dalkies dink ek het my donkie moedswillig so sleg behandel as wat ek nou net gesê het jy moet met hom maak nie. Nee, dis wanneer die nood jou drywe. By voorbeeld, ek weet van gevalle waar jou donkie met groot droogtes so half opvrek van hongerte en dat hy dan 'n dief in andermans gesaaides word, om hy en sy ou baas g'n ander raad meer weet om hom te laat lewe nie. En kom hy dan in die skut, moet